Story time

Storie tyd

‘n Familie besoek



LIVEWORKSHEETS

‘n Familie besoek

My tannie Nkeke is siek, daarom gaan ek en my ma haar besoek. Ons gaan met ’n taxi ry. Ek is opgewonde, omdat ek my niggie, Ester, weer gaan sien.

Ons pak ons goed in. Ek kry vir Ester ’n geskenk en ek maak ’n word-gou-gesond-kaartjie vir tannie Nkeke.



LIVEWORKSHEETS

Ons gaan vir twee dae kuier. Ons gaan in die nag ry, terwyl die maan helder skyn. Die taxi het goeie ligte.

Môre sal ek en Ester saam met die ander kinders by die river gaan speel en vars vrugte pluk om te eet.

LIVEWORKSHEETS

Uiteindelik kom die taxi by tannie Nkeke se huis aan. Dit is reeds tienuur in die aand.

Ek is baie bly om my niggie te sien. "Hallo, Ester!" roep ek.




"Kom kyk na die babapaddatjies in die rivier," roep Ester.

"Nee, nee!" sê Ester se ma. "Julle kan nie nou gaan kyk nie, dis te laat."

"Ek wil in die boomhuis in die park gaan inklim," sê ek opgewonde.

LIVEWORKSHEETS

"Nee, jy kan nie nou gaan boomklim nie," sê my ma. "Dit is te laat. Julle moet iets eet en dan in die bed kom."



LIVEWORKSHEETS

Twee dae lank speel ek en Ester lekker saam. Dit gaan baie beter met my tannie en ons is nie meer so bekommerd oor haar nie. Ek en my ma is op pad huis toe.

Voor my vertrek gee Ester vir my 'n geskenk. Dit is 'n groot teddiebeer.

LIVEWORKSHEETS

Ek en ma reis weer per taxi terug huis toe. Dit begin reën.

Later word dit baie koud. My ma draai my in 'n warm kombers toe.



LIVEWORKSHEETS

Uiteindelik is ons tuis. Ek en my ma hardloop in die reën van die taxi na die huis toe.


Toe ons veilig in die huis is, besef ek meteens dat my teddiebeer weg is.



LIVEWORKSHEETS

Hy is seker nog in die taxi, êrens heen op pad! Ek begin huil. Ek wil die taxi gaan soek om my teddiebeer te red.

Later kry ons die teddie, toegedraai in die kombers. Hy is toe tog veilig en ek is baie verlig.



LIVEWORKSHEETS